**Die Here voorsien te midde van swaarkry en vervolging**

**Lees: Mattheus 10: 16 – 33    Teks: Mattheus 10: 19 - 20**

Die gedagte van getuig is vir ons as Gereformeerdes nie altyd so 'n maklike saak nie. Baie voel dat dit uit 'n meer charismatiese agtergrond kom en daarom doen ons dit nie. Ander weer voel te skaam en teruggetrokke, of deel mee dat hulle nie die vermoë het om dit te doen nie.

Maar tog is die Bybel duidelik. Ons ontvang die opdrag van Christus in verskeie gedeeltes van die Skrif. Selfs hier in ons voorgelese gedeelte.

Om Gelowige te wees en om te getuig is nie 'n maklike opdrag wat aan die kinders van die Here gegee word nie. Jesus sê vir sy dissipels in hierdie gedeelte dat Hy hulle stuur soos skape onder die wolwe in. Onmiddellik is die besef daar dat dit gevaarlik is. Maar dit is HY wat stuur, en dit bring ietwat troos vir hulle.

Jesus beskryf aan hulle wie die wolwe is. Verse 17 en 18 is duidelik dat almal wat nie die Evangelie aanvaar wolwe is. Hulle sal uitgelewer word aan goewerneurs, en konings. Selfs broers en familielede sal mekaar doodmaak. Dit alles het te doene met die feit dat Christus as die kern van die getuienis verwerp word. Vers 22 is duidelik dat hulle gehaat sal word.

As ons na die boek Handelinge toe gaan dan is dit baie duidelik hoe hierdie haat en die woorde wat hier gespreek word waar geword het. Ons sien deur die eeue selfs tot vandag toe hoedat hierdie woorde waar is. Die toekoms lyk nie baie rooskleurig vir die dissipels nie.

Beteken dit dat hulle moet ophou getuig? Nee. Inteendeel, Christus kom en bemoedig hulle drie keer in ons voorgelese gedeelte:
Vers 26 – Moenie vir mense bang wees nie. Die Here sien alles raak wat hier op aarde gebeur.

Vers 28 – Moenie bang wees vir die wat net die liggaam kan doodmaak nie. Veel eerder kan jy vrees Hom wat die liggaam sowel as die siel in die hel kan laat vergaan. Die woorde "moenie vrees nie" is die aanhaling in die Skrif wat die meeste na vore kom.

Vers 29-31 – Hier word die verduideliking van die mossie gegee. As die Here vir iets so onbelangrik soos die mossie sorg hoeveel te meer nie vir ons nie.

Net so kom die Here en roep ons op om nie te vrees nie, maar om in opdrag van Hom uit te gaan en te getuig. En al is dit so dat ons gespot sal word en selfs vervolg sal word moet ons nie bang wees nie. Al wat met ons gebeur is dieselfde soos met Christus. Vers 24 en 25 is hieroor duidelik.

Die troos is dat die Here in hierdie omstandighede ons stuur. Hy stuur ons egter nie alleen nie. Hy gaan saam deur die werk van die Heilige Gees in ons lewens wat ons bystaan en help. Hy dra ons en gee aan ons krag.

Die opdrag bly dat ons moet getuig. Ons getuienis hoef elke keer woorde te wees, of 'n preek of een of ander verkondiging woordeliks voor ander nie. Nee ons getuienis gaan veel verder as dit. Dit word ook met die daad bewys. Ons doen en late by die werk, ons optrede in ons huis teenoor ons kinders en eggenotes. Elkeen van hierdie dade is 'n geleentheid om te getuig.

Daarom wanneer ons getuig dan spreek ons ons uit teen die verkeerd in die wêreld en verheerlik so ons hemelse Vader. Sodoende word verse 32 – 33 waar. Christus sal ons voor God verdedig in die hemel omdat ons bereid is om vir Hom in die wêreld te getuig en sodoende ons Hemelse Vader te verheerlik.

**Ds. Neville Boy**
**10/06/2018**